UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

# VERSLAG DEUR DIE VISEREKTOR (LEER & ONDERRIG)

## Universiteit Stellenbosch Raad

27 September 2017

Prof Arnold Schoonwinkel

## Inhoudsopgawe


Inleiding .......... 4

Visie van die verantwoordelikheidsentrum Leer & Onderrig .......... 4

1. Uitnemendheid in leer en onderrig .......... 4

2. Studentetoegang met sukses .......... 7

3. Grootte en vorm .......... 9

4. Programvernuwing .......... 13

5. Meertalige programaanbod .......... 15

6. IKT in leer en onderrig .......... 17

7. Nuwe kennismarkte .......... 19

8. Finansiële steun vir studente .......... 21

Slot .......... 23

## Lys afkortings

Die volgende afkortings verskyn in hierdie verslag:

| | |
|---|---|
| AvOL | Akademieskap van Onderrig en Leer |
| AWCA | African Women in Chartered Accounting |
| BMF | Black Management Forum |
| BSIA | bruin, swart Afrikaan, Indiër en Asiër |
| FINLO | Fonds vir Innovasie en Navorsing in Leer en Onderrig |
| GBG | gefokusde belangegroep |
| GLK | gemengdeleerkoördineerder |
| GVP | gehalteverbeteringsprojek |
| HELTASA | Suider-Afrikaanse Vereniging vir Leer en Onderrig in die Hoër Onderwys |
| ICED | die internasionale konsortium vir onderwysontwikkeling (“International Consortium for Educational Development”) |
| IKT | inligtings- en kommunikasietegnologie |
| L&O | Leer en Onderrig(-verantwoordelikheidsentrum), of leer en onderrig (as gebied) |
| MOOC | massiewe oop aanlyn kursus (“massive open online course”) |
| NSFAS | Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente |
| NSS | Nasionale Senior Sertifikaat |
| PRONTAK | Professionele Onderrigontwikkeling vir Akademici |
| SAUS | Suid-Afrikaanse Unie van Studente |
| SBA | strategiese bestuursaanwyser |
| SLT | Sentrum vir Leertegnologieë |
| SOL | Sentrum vir Onderrig en Leer |
| SR | Studenteraad |
| SSLB | Sentrum vir Studenteleierskap en -bestuur |
| SUNSEP | Universiteit Stellenbosch Sentrum vir Pedagogie |
| TDG | onderrigontwikkelingstoelaag (“Teaching Development Grant”) |
| UCDG | toelaag vir vermoëbou in universiteite (“University Capacity Development Grant”) |
| US | Universiteit Stellenbosch |
| VOO | verdere onderwys en opleiding |
| WIT | wetenskap, ingenieurswese en tegnologie |
| WTIW | wetenskap, tegnologie, ingenieurswese en wiskunde |

# Inleiding

Hierdie verslag aan die Raad bied terugvoering oor die implementering van die Universiteit Stellenbosch se Leer-en-Onderrigstrategie. ’n Verwysingsdokument, *Omgewingsplan vir die verantwoordelikheidsentrum van die Viserektor (Leer & Onderrig) vir 2018*, is beskikbaar op aanvraag.

# Visie van die verantwoordelikheidsentrum Leer & Onderrig

Ter ondersteuning van die Universiteit Stellenbosch se Visie 2030 om *inklusief, innoverend en toekomsgerig* te wees, is die visie van die verantwoordelikheidsentrum van die Viserektor (Leer & Onderrig) soos volg:

1. Die Universiteit Stellenbosch (US) is alle Suid-Afrikaners se voorkeur-tersiêre instelling vir leer en onderrig (inklusief).
2. Ons onderrigpedagogieë is studentgesentreerd en ingestel op die leerbehoeftes van die moderne student (innoverend).
3. Die US lewer wêreldklasgegradueerdes op wat ’n positiewe verskil in Afrika maak (toekomsgerig).
4. Die afdelings van die Viserektor (Leer & Onderrig) ondersteun die US se onderrigfunksies effektief en kostedoeltreffend.
5. Ons volg ’n volhoubare en langtermynbenadering wat lewenslange leer by studente en personeel bevorder.

Die volgende afdelings beskryf die onderliggende strategiese fokusse van die verantwoordelikheidsentrum Leer & Onderrig om die US se Visie 2030 te ondersteun en die oorhoofse strategiese oogmerke van Leer & Onderrig te verwesenlik. Die klem van hierdie verslag val op die implementering van die Leer & Onderrig- (L&O-)fokusse die afgelope jaar, na aanleiding van die historiese opbou van ondersteunende projekte sedert 2012. Die dokument bied ook ’n samevattende oorsig van doelwitte vir die afsienbare tyd.

# 1. Uitnemendheid in leer en onderrig

**Strategiese voorneme**

Leer en onderrig, synde ’n kernfunksie van die Universiteit sowel as ’n steundiensomgewing, is een van die belangrikste bydraers tot die US se strategiese prioriteit om hierdie instelling se momentum van uitnemendheid te behou. Die US se reputasie sal aanhou groei weens sy uitnemende onderrigaanbod en leerfasilitering vir studente.

**Konteks**

Uitnemendheid in leer en onderrig gaan hoofsaaklik oor die gehalte en doeltreffende lewering van akademiese programme wat studente as waardevol vir hulle opvoeding en professionele aspirasies ervaar. Dit vereis professionele akademici in fakulteite en professionele akademiese steunpersoneel met die vaardighede en toewyding om die kurrikula te lewer en die ko-kurrikulêre ontwikkeling van studente te bestuur. Uitnemende leer en onderrig is steeds wat die oorgrote meerderheid van US-studente verwag, sowel as die grootste bron van hoofstroominkomste. Leer en onderrig van gehalte maak die grondslag uit vir die ander kernfunksies van die US, naamlik navorsing en sosiale impak.

**Professionele ontwikkeling van akademici**

PRONTAK (Professionele Onderrigontwikkeling vir Akademici) is in 2016 as ’n jaar lange program aangebied met groter betrokkenheid van die L&O-visedekane (of gelykstaande amptenare) in alle fakulteite. Hierdie benadering van verhoudingsbou en gesamentlike verantwoordelikheid vir die professionele leer van akademici het vrugte afgewerp, en die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL), die L&O-visedekane sowel as deelnemers het dit as positief beleef. Daar was 44 deelnemers van agt van die fakulteite. Aangesien dosente egter die jaar lange weergawe van PRONTAK te tydrowend gevind het, word die program in 2017 oor ses maande aangebied. Dit het in Junie met 70 deelnemers van ál tien fakulteite afgeskop. Die Sentrum vir Leertegnologieë (SLT) bied gemengdeleerkundigheid en -steun vir die PRONTAK-proses deur die gemengdeleerkoördineerders (GLK’s) en ’n SLT-personeellid, in samewerking met SOL.

Die **kortkursus oor gemengde onderrig en leer** is ná meer as vier jaar steeds fluks aan die gang. Deur ’n intense leerproses bou akademici ’n stewige teoretiese en praktiese gemengdeleerbasis op om sodoende hulle onderrig te transformeer. Vanjaar word drie gratis aflewerings van die kursus vir US-akademici aangebied, waarna die onderrigontwikkelingstoelaag- (TDG-)finansiering tot ’n einde kom. Daar word beplan om die kursus vanaf 2018 as ’n betaalde kortkursus beskikbaar te stel. Boonop is daar planne om deur die nuwe toelaag vir vermoëbou in universiteite (UCDG) ’n nuwe kursus vir akademici te skep, moontlik oor die konsep van die digitale vakkundige. Dít sal voortbou op die suksesvolle kortkursus “The Digital Scholar” van die Afrika Doktorale Akademie, wat die SLT in samewerking met KU Leuven ontwikkel het.

**Uitruiling van goeie L&O-navorsing en -praktyk**

Die negende jaarlikse Akademieskap van Onderrig en Leer- (**AvOL**-)konferensie het van 24 tot 26 Oktober 2016 plaasgevind. Met sowat 180 afgevaardigdes van ál tien fakulteite van die Universiteit, 64 aanbiedings en ’n indrukwekkende verskeidenheid onderwerpe – waaronder innoverende onderrig, die kenmerke van die gegradueerde, kurrikulumontwerp, -assessering en -terugvoering, die gebruik van tegnologie, nagraadse onderwys en interdissiplinêre onderrig – was dit ’n uiters geslaagde geleentheid. Die slotsessie van die konferensie, wat oor die dekolonisasie van hoëronderwysruimtes gehandel het, het vir vrugbare gesprek gesorg. In Oktober 2017 word die tiende AvOL-konferensie aangebied. Dié mylpaal sal gevier word met besinning oor die afgelope dekade van hierdie jaarlikse geleentheid, sowel as ’n kykie na hoe dit dalk in die toekoms daar kan uitsien.

SOL en die SLT dra tot die streek by deur die **streekskortkursusse van die Kaapse Hoëronderwyskonsortium**. Dit is ’n samewerkingsprogram wat alle universiteite in die streek betrek en waarvoor SOL- en SLT-personeellede as medefasiliteerders en, in sommige gevalle, ook as sameroepers dien. Hierdie program is oop vir alle US-personeel. SOL en die SLT werk ook saam aan die **Nagraadse Diploma (Hoër Onderwys – Onderrig en Leer)**, ’n twee jaar lange deeltydse diplomaprogram wat oop is vir alle US-personeellede wat verder op die gebied van hoëronderwysonderrig en -leer wil studeer. Dit word samewerkend op ’n streeksgrondslag gefasiliteer en SOL is die sameroeper van een van die modules. Die eerste kohort het suksesvol aan die einde van 2015 gegradueer en die tweede kohort studeer na verwagting teen die einde van 2017 af.

SOL het ook die US die afgelope jaar in die reëlingskomitee van die gesamentlike **internasionale konferensie van die ICED (die internasionale konsortium vir onderwysontwikkeling) en die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Leer en Onderrig in die Hoër Onderwys (HELTASA)** verteenwoordig. Die ander drie universiteite in die streek het ook in die komitee gedien. Meer as 600 afgevaardigdes het die konferensie van 22 tot 25 November 2016 bygewoon, waar meer as 200 aanbiedings gelewer is. Die geleentheid is goed ontvang: Sewentig persent van respondente het aangedui dat hulle dit geniet het, en ’n verdere 14% het dit as “die beste konferensie tot nog toe” bestempel.

Daarbenewens het SOL ’n suksesvolle program van maandelikse **etenstydseminare genaamd Auxins** aangebied (na aanleiding van die Griekse *auxano*, wat beteken ‘om te groei’), wat geleenthede skep vir akademici om US-onderrig-en-leeronderwerpe waarin hulle belang stel, te ondersoek en te bestudeer. Hierdie etenstydseminare het nie net US-akademici se AvOL-kundigheidsbasis help uitbrei nie, maar ook ’n kernrol gespeel om onderwysteorie met onderrigpraktyk te verbind. Die Auxin-program van 2016 het uitgeloop op die vestiging van **twee gefokusde belangegroepe (GBG’s)** – een oor akademiese leierskap en een oor die dekolonisasie van die wetenskap-, tegnologie-, ingenieurswese- en wiskunde- (WTIW-)kurrikulum. Hierdie GBG’s ontmoet steeds maandeliks, lok voortgesette belangstelling uit en kry steeds lede by. Die GBG oor akademiese leierskap ondersoek ’n navorsingsagenda, terwyl die GBG oor die dekolonisasie van die WTIW-kurrikulum ’n gedeelde Google-platform gebruik om ’n gemeenskaplike bewaarplek vir die hulpbronne oor hierdie onderwerp te skep.

**Finansiële steun om L&O aan te moedig**

’n Inisiatief wat die afgelope jaar al hoe meer benut is, was die **Fonds vir Innovasie en Navorsing in Leer en Onderrig (FINLO)**. Die fonds is ’n SOL-bestuurde stelsel wat aanvangsfinansiering voorsien aan kleinskaalse klasgebaseerde navorsing en innovasie. Altesaam 34 voorstelle is in die loop van 2016 vir oorweging ingedien en twee suksesvolle skryfskole is aangebied. In die eerste semester van 2017 is 18 FINLO-aansoeke ontvang en ’n tweede versoek word in die tweede semester uitgestuur. Die eerste skryfskool vir die jaar het ook reeds plaasgevind. Hierdie inisiatief lewer ’n bestendige stroom L&O-navorsingsuitsette en dien as ’n wegspringplek vir die uiters suksesvolle onderriggenootskapskema.

**Onderriggenootskappe** bied uitnemende dosente en vakkundiges op die gebied van onderrig en leer aan die US verskeie vorme van steun sodat hulle langer ononderbroke tyd kan bestee aan die vernuwing, verkenning en verspreiding van goeie praktyk in departemente en fakulteite. Tans is daar agt genote in die stelsel, van wie drie in 2017 aangewys is. Hierdie genote het ’n beduidende impak op fakulteits-, institusionele én nasionale vlak. Hulle help verander kurrikulumbenaderings in die geheel, gee die toon aan met programvernuwing, ontvang nasionale onderrig-en-leertoekennings, bied nasionale leiding in die bevordering van onderrig en leer op bepaalde vakgebiede, en lewer nasionale en internasionale bydraes tot die bevordering van AvOL in hulle onderskeie dissiplines. Hierdie genote word dikwels later nasionale onderriggenote.

**Die erkenning van goeie onderrig en leer**

Op 5 April 2017 is die tiende jaarlikse **Eerstejaarprestasietoekenningsdinee** aangebied ter ere van die 34 beste eerstejaarstudente van 2016, sowel as die dosente wat volgens hulle ’n positiewe invloed op hulle eerstejaarsukses gehad het. Die gasspreker vanjaar was professor Geo Quinot, visedekaan van die US se Fakulteit Regsgeleerdheid. By hierdie unieke geleentheid ruil studente en hulle dosente briewe van erkenning en aansporing uit.

Die **inwerkingstelling van ’n institusionele stelsel vir die beloning, erkenning en bevordering van goeie onderrig** het die afgelope jaar aansienlik gevorder. ’n US-toekenning vir uitnemende onderrig, waarmee ontvangers vir die nasionale toekenning vir uitnemende onderrig in aanmerking kan kom, word tans geïmplementeer. Hierdie roete vir onderrigbeloning word ondersoek in samehang met ’n roete vir onderrigbevordering tot op die vlak van professor, en die onderrigportefeulje dien as instrument aan die hand waarvan sukses op albei roetes gemeet sal word.

**Studenteterugvoer**

SOL het die afgelope twee jaar ’n kernrol vervul in die **hersiening van die Studenteterugvoerbeleid**, die vraelyste vir studenteterugvoer oor hulle onderrig-en-leerervarings in modules en programme,

sowel as die vraelys vir dosenteterugvoer oor hoe hulle onderrig in sekere modules beleef. Die US het ook met ingang van 1 Mei 2017 ’n **elektroniese studenteterugvoerstelsel** begin implementeer. Met die nuwe stelsel is verslae vinniger beskikbaar sodat dosente flink op studenteterugvoer kan reageer. Een van die groot voordele van hierdie stelsel is dat dit dosente en departemente in staat stel om na gelang van spesifieke behoeftes hulle eie verdere ontledings van studenteterugvoerdata te doen, benewens die standaardverslae wat die stelsel skep. Hulle kan boonop hulle eie pasgemaakte vrae byvoeg. Die elektroniese sowel as die papierstelsel sal in 2017 in werking wees, waarna die stelsel na verwagting teen 2018 ten volle elektronies sal wees en die papierstelsel gestaak sal word.

**Onafhanklike eksterne evaluerings om gehalte te bevestig**

Baie universiteite maak aanspraak op uitnemendheid. Tog kan uitnemendheid in baie gevalle nie slegs met objektiewe kwantitatiewe maatstawwe gemeet word nie. Daarom nooi die US gereeld ingeligte L&O-kenners om die Universiteit se afdelings en prosesse aan streng portuurevaluering te onderwerp. Voor hierdie beoordelings skryf die verskillende omgewings hulle eie, nadenkende selfevalueringsverslae, wat ’n waardevolle ontwikkelingsoefening is mits alle betrokkenes daaraan deelneem. Die kommentaar, lof en aanbevelings uit die eksterne evalueringspanele se verslae, die omgewings se reaksies op die aanbevelings, en die verbeteringsplanne van die betrokke departemente en afdelings word gerapporteer aan en gemoniteer deur die US se Gehaltekomitee, wat vier tot vyf keer per jaar vergader. Van die begin van 2016 tot en met die einde van Junie 2017 het 38 entiteite se verslae, verbeteringsplanne en opvolgverslae voor die Gehaltekomitee gedien.

’n Interessante vernuwing vanjaar is dat alle afdelings in die L&O-verantwoordelikheidsentrum van 8 tot 12 Mei gelyktydig eksterne evalueringsbesoeke ontvang het. Hierdie afdelings was Studentesake, Voornemende Studente, Institusionele Navorsing en Beplanning, en Leer- en Onderrigverryking, sowel as die Afdeling Akademiese Administrasie (wat voorheen aan die L&O-verantwoordelikheidsentrum verslag gedoen het). Die evalueringspanele het uit vyf internasionale en tien Suid-Afrikaanse lede bestaan. Hulle het in spanne van drie die afdelings se selfevalueringsverslae ondersoek en onderhoude gevoer met personeellede van die afdelings self sowel as met kollegas en studente wat van die afdelings se dienste gebruik maak. Daarbenewens het vier van die eksterne paneellede ’n oorkoepelende evaluering onderneem. Spanlede het op die laaste dag byeengekom om die sinergie tussen die vyf afdelings te bepaal, sowel as die mate waarin die afdelings saamwerk om instaatstellende en waardebelaaide dienste te lewer wat studentetoegang en -sukses versterk. Die aanvanklike mondelinge terugvoer dui op lof en goeie aanbevelings wat die afdelings by hulle strategiese beplanning sal insluit as deel van die verantwoordelikheidsentrum se voortgesette strewe na selfs hoër gehalte.

## 2. Studentetoegang met sukses

**Strategiese voorneme**

Die L&O-verantwoordelikheidsentrum se primêre bydrae tot die US se strategiese fokusgebiede draai om studentesukses. Die bedoeling is om geskikte studente uit ’n diverse samelewing toe te laat en suksesvol te laat afstudeer. Daarbenewens impliseer studentesukses die afronding van die totale persoon om ’n betrokke burger in die samelewing te word.

**Konteks**

Studentesukses word beskou as ’n kombinasie van studente se akademiese prestasie in die program waarvoor hulle geregistreer is, en hulle ko-kurrikulêre (buiteklas-) prestasie gedurende hulle

universiteitsloopbaan. Studentesukses is ’n produk van gesonde vennootskappe: tussen studente en die US, en tussen fakulteite en steundienste.

**Studenteleierskap en ko-kurrikulêre ontwikkeling**

’n Nuwe Sentrum vir Studenteleierskap en -bestuur (SSLB) is onlangs op die been gebring om studenteleiers in die algemeen te ontwikkel en die verskillende amptelike studenteleiers aan die US, waaronder die Studenteraad (SR), te ondersteun. Die Frederik Van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling val onder die SSLB. Die SSLB-direkteur dien ook as Studentedekaan.

**Verskeie steunmeganismes vir die studentegemeenskap**

Die Eenheid vir Akademiese Voorligting en Ontwikkeling bied ’n aanlyn kortkursus aan (“US-studiesukses”) wat studente hulle akademiese vaardighede help slyp.

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid bied verskeie nuwe roetes en prosesse vir studente en personeel om ervarings van onbillike diskriminasie, teistering, seksuele teistering en viktimisasie aan te meld. Dít sluit in alternatiewe geskilbeslegting deur bemiddeling, innoverende instrumente om ernstige voorvalle te moniteer, ’n aanlyn Calisto-tipe instrument om seksuele teistering aan te meld, ’n program om LGBTI-studente te ondersteun, en bewusmaking in alle verantwoordelikheidsentrums en studentegemeenskappe van proaktiewe maatreëls om kwessies van institusionele onreg en maatskaplike geregtigheid in hedendaagse Suid-Afrika die hoof te bied.

Die Eenheid vir Psigoterapeutiese en Ondersteuningsdienste sowel as Kampusgesondheidsdienste voorsien ’n geïntegreerde voltydse krisisdiens in samewerking met ER24. ER24 bied nauurse sorgbystand en is ook gedurende kantoortyd beskikbaar indien ’n dringende behoefte ontstaan.

Die Eenheid vir Graduandi-loopbaandienste het met dr Alten du Plessis van die Afdeling Institusionele Navorsing en Beplanning saamgewerk om ’n gegradueerdebestemmingsvraelys op te stel, wat tred hou met die sukses van US-afgestudeerdes wat die arbeidswêreld betree.

Die Afdeling Studentesake is op sy beurt aktief betrokke by beleidsontwikkeling oor universele ontwerp in die algemeen, en universele ontwerp vir leer in die besonder, deur die werk van die Eenheid vir Gestremdhede. Laasgenoemde het onlangs ’n opleidingseminaar oor dié onderwerpe aangebied met bydraes van dr Betsy Dalton van die Verenigde State sowel as Universal Design Africa.

**Professionele kommunikasieontwikkeling**

Die Skryflaboratorium het in 2017 sy dienste na Tygerbergkampus uitgebrei en altesaam 32 nagraadse studente as skryfkonsultante vir die jaar aangestel. Konsultante ontvang voortgesette opleiding in skryfteorie en -praktyk in die vorm van ’n geregistreerde US-kortkursus genaamd “Skryfkonsultantopleiding”. ’n Sertifikaat word by suksesvolle voltooiing van die opleidingsprogram uitgereik.

Die Taalsentrum konsentreer vanjaar veral op navorsing om groter klem te plaas op verslagdoening en impakmeting, en om te sorg dat die onderliggende teoretiese beginsels van Taalsentrumaktiwiteite voortdurend ondersoek en bygewerk word. Een oorhoofse projek wat die vereiste basislyninligting sal voorsien om beleid aan die US te rig, is die bepaling van US-studente se taalvaardigheidsprofiele en die korrelasie van hierdie data met studenteterugvoer, toevoerskole, keuse van akademiese programme, ensovoorts. Die Taalsentrum beoog die herinstelling van die akademiese-geletterdheidstoets wat alle nuwelingeerstejaars voorheen afgelê het. Die doel is om die US in staat te stel om studente se professionele kommunikasievaardighede oordeelkundig te ontwikkel.

**Onrus, studenteskakeling en studentegesprekke**

Hoewel die Suid-Afrikaanse Unie van Studente (SAUS) sterk uitlatings gemaak het oor voornemens om die hoër onderwys in 2017 onregeerbaar te maak, lê die SR en ander studenteleiers aan die US gematigdheid, volwassenheid en insig aan die dag met betrekking tot die rol van die hoër onderwys in die nasionale transformasieprojek. Personeel, die SR en studenteleiers van die Universiteit is terdeë bewus van die rol van die hoër onderwys om maatskaplike en ekonomiese transformasie in ons land teweeg te bring, en begryp hoe belangrik dit is dat US-werksaamhede ongestoord voortgaan. Die US is vasberade om steeds ononderbroke akademiese programme, voortgesette studentesteun en -ontwikkeling te bied.

Vir dié doel is ’n aantal intervensies in werking gestel om studente insig te bied in die verskillende dimensies van die nasionale stryd om ons land die gemeenskaplike doelwit van ‘toeganklike hoër onderwys vir almal’ te help bereik. Ons beoog ook om die studentekorps, personeel en bestuur nader aan mekaar te bring om ’n omgewing van betrokkenheid as deel van ons US-kampuskultuur te skep.

Die US het die getal en gereeldheid van studentegesprekke in koshuise, studenteorganisasies en die klusterstelsel verhoog. Al hoe meer temagesprekke vind oor onderwerpe soos gelykheid, billikheid, transformasie, gender, identiteit en taal plaas, en word deels deur ons personeel gefasiliteer. Een voorbeeld is die Luisterkafee van die Sentrum vir Studenteleierskap en -strukture. SR-lede, ander genooide studenteleiers en die US-bestuur woon hierdie geleenthede by.

Die Afdeling Studentesake hou ook dié jaar meer beplande skakelingsgeleenthede om, benewens senior en uitvoerende direkteure, ook senior US-leiers (viserektore en Rektor) by ’n wyer verskeidenheid paneelbesprekings met studente te betrek.

Die einddoel is om ’n vertrouensverhouding tussen US-bestuurders en -studenteleiers te bou en sodoende enige kwessies deur gesprek, planne en aksies uit te stryk. Dit behoort hopelik die risiko’s verbonde aan gewelddadige studenteprotes te temper.

## 3. Grootte en vorm

**Strategiese voorneme**

Die grootte van die US in 2030 word beplan vir ’n realistiese toename in studentegetalle, waarvoor daar met behulp van ’n gepaste fisiese ruimtelike-ontwikkelingsplan op die bestaande US-kampusse voorsiening gemaak kan word. Die vorm is gegrond op ’n gewenste samestelling van die studentekorps en ’n verskeidenheid onderrig- en navorsingsprogramme wat in die verwagte behoeftes van Suid-Afrika voorsien.

**Konteks**

Die grootte van die Universiteit se studentekorps bepaal in ’n groot mate die inkomste van die US, die omvang van studentesteun wat fakulteite en steunafdelings moet bied, sowel as die behoefte aan fisiese infrastruktuur. Die vorm van die US verwys onder meer na die getalsverhouding tussen voor- en nagraadse studente, die demografiese samestelling van die studentekorps, en studenteverdeling volgens breë dissiplinegroepe.

**Huidige studentetal per fakulteit**

Die volgende tabelle toon die grootte en vorm van die huidige US-studentekorps.

**Tabel 1: Samestelling van studente volgens fakulteit en studievlak**

| | **Studentegetalle 2017 (Junie-opname)** | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Fakulteit** | **Voorgraads** | **Nagraads** | **Spesiale studente** | **Totaal** | **% aandeel** |
| Ekonomiese en Bestuurs-wetenskappe | 5 181 | 3 480 | 346 | 9 007 | 28,5% |
| Lettere en Sosiale Wetenskappe | 3 383 | 1 381 | 312 | 5 076 | 16,0% |
| Geneeskunde en Gesondheids-wetenskappe | 2 473 | 1 699 | 307 | 4 479 | 14,2% |
| Ingenieurswese | 2 998 | 922 | 161 | 4 081 | 12,9% |
| Natuurwetenskappe | 2 198 | 862 | 109 | 3 169 | 10,0% |
| AgriWetenskappe | 1 469 | 567 | 65 | 2 101 | 6,6% |
| Opvoedkunde | 971 | 776 | 7 | 1 754 | 5,5% |
| Regsgeleerdheid | 420 | 383 | 25 | 828 | 2,6% |
| Krygskunde | 525 | 97 | 7 | 629 | 2,0% |
| Teologie | 226 | 273 | 16 | 589 | 1,6% |
| **Totaal** | **19 844** | **10 440** | **1 355** | **31 639** | **100,0%** |
| **% verdeling** | 62,7% | 33,0% | 4,3% | | |

Die studentegetalle in tabel 1 kan ook volgens breë dissiplinegroepe gerangskik word om die vorm van die US se programaanbod uit ’n ander hoek te beskou:

(a) Die breë natuurwetenskapgebied (Geneeskunde & Gesondheidswetenskappe, Ingenieurswese, Natuurwetenskappe, AgriWetenskappe): inskrywingsaandeel 43,7%

(b) Die breë bestuurswetenskapgebied (Ekonomiese & Bestuurswetenskappe en Krygskunde): inskrywingsaandeel 30,5%

(c) Die humaniora (Lettere & Sosiale Wetenskappe, Opvoedkunde, Regsgeleerdheid en Teologie): inskrywingsaandeel 25,7%

Die vorm van die US dui op ’n beduidende aantal WIT- (wetenskap-, ingenieurswese- en tegnologie-)studente. WIT-programme is tipies duurder om aan te bied, maar kan gelukkig uit ’n derde inkomstestroom (d.w.s. inkomste buiten studiegeld en staatsubsidies) put en in die behoefte aan skaars vaardighede in Suid-Afrika help voorsien.

Voorts toon tabel 1 dat sowat ’n derde van die US se studente nagraads is. Dít is ’n belangrike wesenstrek van die US as ’n navorsingsintensiewe universiteit, wat met die hoogste getal navorsingsuitsette (magistergrade, doktorsgrade en publikasie-eenhede) per voltyds-ekwivalente akademikus in Suid-Afrika spog. Nagraadse studente is noodsaaklik in die strewe om die US se navorsingsuitsette te vermeerder, maar verg ook gewoonlik meer individuele studieleiding as voorgraadse studente.

<u>Studentedemografie</u>
Die US het vir homself sekere strategiese mikpunte gestel om die demografiese profiel van sy studente te verbreed. In 2012 het 25,9% van die US se nuwelingeerstejaars uit die bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër (BSIA-)bevolkingsgroepe gekom. Vanjaar (Junie 2017-opname) het 34,8% van die nuwelingeerstejaars uit die BSIA -groepe gekom, terwyl 3 300 van die altesaam 5 083 inskrywings van nuwelingeerstejaars uit die wit bevolkingsgroep was. Die US se inskrywingsdoelwit is om die persentasie BSIA -nuwelingeerstejaars teen die Junie 2019-opnametot 50% te verhoog.

Die nagraadse studentekorps bestaan uit 47,2% BSIA -studente. Die algehele US-studentedemografie word in tabel 2 weergegee, wat ook die doelwitte vir die volgende vyf jaar aandui. Die data strook met strategiese bestuursaanwyser (SBA) 4 in die US se Institusionele Plan.

**Tabel 2: Huidige stand en vooruitskattings vir alle US-studente volgens ras**

| **Rasseverdeling (alle US-studente)** | **Werklike inskrywings** | **Vorige mikpunt** | **Vooruitskattings vir die tydperk 2018-2022 aan die hand van fakulteite se inskrywingsbeplanning, Junie 2017** | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **2017** | **2017** | **2018** | **2019** | **2020** | **2021** | **2022** |
| Wit | 18 949 | 18 996 | 18 576 | 18 268 | 18 091 | 17 736 | 17 490 |
| BSIA | 12 690 | 12 662 | 13 070 | 13 710 | 14 266 | 14 905 | 15 364 |
| **TOTAAL** | **31 639** | **31 658** | **31 646** | **31 978** | **31 357** | **32 641** | **32 854** |
| **% BSIA** | **40,1%** | **40,0%** | **41,3%** | **42,9%** | **44,1%** | **45,7%** | **46,8%** |
| **SBA4-mikpunt** | | **41,1%** | **42,7%** | **44,5%** | **45,8%** | **48,3%** | **46,8%** |

Soos tabel 2 aandui, is die US by sy mikpunt vir bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiatiese (BSIA-) inskrywings vir 2017. Tog is die US-mikpunte vir BSIA-inskrywings (SBA4-mikpunt) op middeltermyn hoër as die fakulteite se skattings (% BSIA). Dít is veral die geval op voorgraadse vlak, waar die samestelling van die studentekorps grootliks deur die inname van nuwelingeerstejaars bepaal word. Verskeie fakulteite het aangedui dat hulle bykomende toegespitste werwingsaksies onderneem om die registrasie van BSIA-studente te verhoog.

**Institusionele steun om voorgraadse inskrywingsmikpunte te haal**

Voorgraadse aansoeke het op 30 Junie 2017 gesluit. Die proses om onvolledige aansoeke aan te vul is nog aan die gang, maar daar was duidelik ’n beduidende toename van 30% in die getal volledige aansoeke van swart Afrikaanstudente, naamlik van 3 218 in Junie 2016 tot 4 290 in Junie 2017.

Die Toelatingskantoor en die Kontak- en Kliëntedienssentrum het in samewerking met die fakulteite Natuurwetenskappe, Ingenieurswese en AgriWetenskappe ’n toegespitste projek van stapel gestuur

om toppresteerders wat vir programme in hierdie fakulteite aansoek doen, aan te spoor om hulle aansoeke te voltooi en vir ’n aanbod in aanmerking te kom.

**Opname oor nieregistrasie**

Die Toelatingskantoor het in samewerking met die Afdeling Institusionele Navorsing en Beplanning die jaarlikse opname gedoen oor die redes waarom aansoekers wat ’n voorwaardelike aanbod ontvang het, besluit het om nié te registreer nie. Die belangrikste redes vir nieregistrasie was:

i) *afstand* (Stellenbosch is te ver van die huis af);
ii) *koshuisplasing* (het om koshuisplek by die US aansoek gedoen, maar dit nie gekry nie);
iii) *onvoldoende finansiering* (het nie genoeg finansiële steun om aan die US te studeer nie); en
iv) *Afrikaans* (opvattings onder hoofsaaklik swart Afrikaan-aansoekers dat lesings by die US steeds meestal in Afrikaans aangebied word).

**Werwingsaksies om inskrywingsmikpunte te haal**

Die Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies het in Mei en Junie deur middel van **aanbiedings by skole en deelname aan loopbaanskoue** na gemeenskappe buite die Wes-Kaap uitgereik, in die besonder die Vrystaat (Bloemfontein), Gauteng (Johannesburg en Pretoria), die Oos-Kaap (Port Elizabeth en Oos-Londen) en die Suid-Kaap (George en Mosselbaai).

Die Sentrum het ook ’n teenwoordigheid gehandhaaf by verskeie **opvoedergeleenthede.** In die afgelope twee maande het die Sentrum belê in die bou van verhoudings met kernbelanghebbendes in die onderwyssektor, waaronder die onderwysdistrikte Wes-Kaap, Weskus en Oos-Metropool; AWCA (African Women in Chartered Accounting), BMF (die Black Management Forum), ensovoorts. Die US se Fakulteit Ingenieurswese en departemente Rekeningkunde, Fisika en Chemie het ook na verskeie sakesektore uitgereik om hetsy beurse aan huidige studente te skenk of US-gegradueerdes in diens te neem, en sodoende steun vir US-werwingsaksies te verkry.

Daarbenewens bied die Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies ’n doelgerigte intervensie, Careers@Maties, in ’n aantal uitgesoekte skole aan. Die intervensie, wat ’n gekwalifiseerde interne sielkundige insluit, is daarop gerig om voornemende studente in hulle studieprogramkeuses te lei. Skole wat die afgelope twee maande besoek is, sluit in die Sekondêre Skool Bergrivier, sekondêre skole in die Paarl (Paulus Joubert, New Orleans, Noorder-Paarl en Klein Nederburg), die Sekondêre Skool Sarepta en die Sekondêre Skool Rylands.

Ter ondersteuning van alle werwing-, toelating-, koshuisplasing- en finansiële bystandsaktiwiteite lewer die Kontak- en Kliëntediensentrum uitmuntende diens aan voornemende en huidige studente, sowel as die groter publiek. Die Sentrum het in Mei en Junie altesaam 52 493 kontakte hanteer. In pas met die US se Taalbeleid wat in 2014 goedgekeur en meer onlangs op 22 Junie 2016 gewysig is, staan die Sentrum ons kliënte sedert Januarie 2015 in Afrikaans, Engels, Xhosa, Zulu, Tswana en Sotho by.

**Nuwe Toelatingsbeleid vir 2018 en daarná**

Die Raad het by ’n buitengewone vergadering op 11 Februarie 2017 ’n hersiene Toelatingsbeleid vir die US aanvaar vir inwerkingtreding op 1 Maart 2017, toe aansoeke vir 2018 geopen het. Die hersiene beleid brei die US se toelatingskriteria uit om, benewens aansoekers se akademiese prestasie en rasseklassifikasie, nou ook hulle sosio-ekonomiese status in ag te neem.

Die hersiene beleid gee uitvoering aan die Universiteit se verpligtinge wat spruit uit die grondwetlike reg op toegang tot verdere onderwys, sowel as die wetlik voorgeskrewe plig om toe te sien dat die

instelling se toelatingsbeleid voorsiening maak vir geskikte maatreëls vir die regstelling van ongelykhede van die verlede, en nie op enige wyse onbillik diskrimineer nie.

Die Universiteit slaan ag op die veelvlakkige en komplekse aard van benadeling in Suid-Afrikaanse verband. Die Universiteit erken ook die behoefte daaraan om plekke te reserveer vir sosio-ekonomies benadeelde studente, ongeag ras, wat aan die minimum vereistes vir ’n gekose studieprogram voldoen, maar nie andersins tot daardie kursus toegelaat sou word nie.

# 4. Programvernuwing

**Strategiese voorneme**

Die US voorsien programme wat relevant is vir toetreders tot die hedendaagse arbeidsmark, en kostedoeltreffend is om aan te bied.

**Konteks**

Omdat die behoeftes van die arbeidsmark vinnig verander en tersiêre opleiding besonder duur geword het, is dit noodsaaklik om die US se programaanbod gereeld te hersien. Die lewering van gegradueerdes deur sy onderrigprogramme is ’n kernaktiwiteit van die Universiteit en bly die grootste inkomstebron vir die US se hoofbegroting. Opvoeding van gehalte moet gehandhaaf word, maar behoort steeds kostedoeltreffend te wees om voldoende institusionele vermoë vir navorsing en sosiale impak beskikbaar te stel.

Die saamgestelde groeipersentasie vir US-studenteregistrasies (per kop) het die afgelope dekade veel vinniger as US-personeelgetalle toegeneem. Weens ’n paar knap institusionele begrotings sal personeeldoeltreffendheid waarskynlik nie verder verhoog kan word nie. Die gewenste vlakke van dienslewering verkeer ook voortdurend onder druk. Boonop is daar geen vooruitsigte van enige beduidende verhogings in staatsubsidies óf studiegeld om bykomende akademiese vermoë te finansier nie. Dus is sistemiese programvernuwing een van die min oorblywende geleenthede om doeltreffendheid te verbeter.

Programvernuwing strek veel verder as direkte verbeteringe in kostedoeltreffendheid. Dit behoort ook ander aspekte in te sluit, soos:

(a) kurrikulumherontwerp;
(b) inskrywingskeuring;
(c) aanvullende studentesteun; en
(d) die benutting van inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT).

**Stukrag vir programvernuwing**

Daar is sedert 2016 beduidende **samewerking tussen programkoördineerders in fakulteite en professionele steundienstepersoneel in die afdelings van die L&O-verantwoordelikheidsentrum** om sekere elemente van programme te vernuwe. Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het byvoorbeeld verskeie programme hersien om IKT beter te benut, die getal (keuse)modules in programme te verminder en studente met die gewenste kenmerke van die gegradueerde toe te rus.

Die programvernuwingsproses is ’n **holistiese institusionele projek**, waarvan die eerste jaar (2017) daarop konsentreer om een kandidaatprogram vir vernuwing per fakulteit aan te wys, sowel as om ’n roetekaart vir programvernuwing in fakulteite op te stel met verskillende vlakke van vernuwing per program. Die visedekane het hulle kandidaatprogramme aangewys (sien **tabel 3** hieronder), spanleiers

vir die vernuwingsproses geïdentifiseer, spanlede aangestel en ’n tydlyn sowel as moontlike hulpbronvereistes bepaal. As katalisator het prof Gilly Salmon (adjunkvisekanselier van onderriginnovasie aan die Universiteit van Wes-Australië) van 16 tot 18 Mei 2017 ’n werksessie oor programvernuwing sowel as aspekte van moduleontwerp aangebied. By hierdie werksessie het die programspanne, wat uit fakulteitslede en professionele akademiese steunpersoneel bestaan, in groepe (“pods”) op hulle kandidaatprogramme én twee of drie kernmodules in daardie programme gekonsentreer. Die oorgrote meerderheid van die deelnemers het ná die werksessie aangedui dat hulle die proses vir die oorblywende modules en ook vir ander programme sal herhaal. Een van die hoofhindernisse wat volgens fakulteite keer dat hulle by programvernuwing betrokke raak, is tyd, en prof Salmon se metodologie is juis ’n beproefde en bewese manier om binne ’n kort tyd ’n impak te hê.

**Tabel 3: Programme wat sedert die Carpe Diem-werksessie in Mei 2017 vernuwing ondergaan**

| Fakulteit | Program(me) |
|---|---|
| AgriWetenskappe | BSc (Bewaringsekologie) |
| Lettere en Sosiale Wetenskappe | BA (Taal en Kultuur) |
| Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | BComm (Wiskundige Wetenskappe) |
| Opvoedkunde | Twee MPhil-programme |
| Ingenieurswese | Aspekte van alle BIng-programme |
| Regsgeleerdheid | LLB |
| Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe | MB,ChB |
| Krygskunde | BMil (Tegnologie) |
| Natuurwetenskappe | BSc (Aardwetenskappe) |
| Teologie | BTh |

Die plan is om die Carpe Diem-werksessies een maal per jaar te herhaal en fakulteite te nooi om hulle programme in ’n siklus van vyf jaar stelselmatig te hersien. Een uitkoms van die werksessie is die besef dat die rol van programleiers en -komitees in sommige fakulteite duideliker omskryf moet word. Hiervoor is twee ervare kurrikulumspesialiste (proff Arend Carl en Eli Bitzer) gekontrakteer om vyf fakulteite met die programvernuwingsprosesse by te staan.

**Gesamentlike fakulteit- en steunafdelingsaksies vir programvernuwing**

Die gereelde vergaderings met die visedekane en programkoördineerders fasiliteer gesprekke oor verskillende fakulteite heen, wat ’n geleentheid bied om belangrike vraagstukke te opper en goeie praktyk uit te ruil. Hierdie gespreksforums betrek ook die groter projekspan, waaronder verteenwoordigers van die L&O-verantwoordelikheidsentrum, soos die Senior Direkteur: Leer- en Onderrigverryking; personeel van SOL, die SLT en die Taalsentrum; die Senior Direkteur: Institusionele Navorsing en Beplanning, en personeel van Akademiese Beplanning en Gehalteversekering.

Samewerking aan die **Gehalteverbeteringsprojek (GVP)** tussen die Afdeling Leer- en Onderrigverryking en die Afdeling Gehalteversekering, wat onder die Afdeling Institusionele

Navorsing en Beplanning val, is suksesvol in die opsig dat dit as 'n meganisme dien om te besin oor die professionele ontwikkelingsgeleenthede en kurrikulumvernuwingsaktiwiteite aan die US. Die spesifieke klem op kurrikulumvernuwing in fase 2 van die GVP sal dit ook moontlik maak om fakulteite in 'n groter mate te betrek om goeiepraktykvoorbeelde te voorsien van veral studente- en ander belanghebbendedeelname aan die kurrikulumvernuwingsproses as deel van die groter programvernuwingsprojek.

Deur sy raadgewers en die GLK's maak die SLT ook deel uit van die institusionele program-vernuwingsinisiatief, met die klem op die voorsiening van kundige leiding en steun vir die sinvolle integrasie van leertegnologieë by kurrikula wat vernuwe is. Die strategie om, as deel van die IKT-dosentesteunprojek, GLK's en raadgewers in die fakulteite te plaas, het 'n positiewe uitwerking op die Universiteitsgemeenskap. Die GLK's het in die projekevalueringsverslag van 2016 meer as 500 toegespitste intervensies in alle fakulteite aangemeld. Dít het konsultasies, werksessies, nuusbriewe en gespreksforums ingesluit. 'n Toenemende getal modules en ook programme word vernuwe deur die integrasie van IKT ingevolge 'n gemengdeleerbenadering. Hierdie werk word in oorleg met SOL-raadgewers en ander rolspelers as deel van onderrig-en-leerspilpunte/-funksies in die onderskeie fakulteite gedoen.

## 5. Meertalige programaanbod

**Strategiese voorneme**

Om studentetoegang tot die US te vergemaklik deur studente in staat te stel om, so ver dit haalbaar is, in hulle voorkeurtaal (Afrikaans of Engels) te studeer. Die bedoeling is veral om meer inskrywings uit die BSIA-studentemark te verkry.

**Konteks**

Soos in die afdeling oor "Grootte en vorm" hierbo genoem is, moet die US voortaan veel meer studente uit die BSIA-gemeenskappe werf. Ná wye gesprekvoering met verskeie studentegroepe, personeellede en eksterne belanghebbendes het die US besluit om hom vir 'n inklusiewe meertalige aanbod te beywer. Die Senaat en die Raad van die Universiteit het 'n nuwe Taalbeleid in Junie 2016 aanvaar, wat sedert 1 Januarie 2017 in werking is.

Daarmee is die Universiteit nou as 'n wêreldklas- meertalige Suid-Afrikaanse universiteit geposisioneer – een van net 'n paar in hierdie kategorie, wat broodnodig is in 'n land met 11 amptelike tale. Dit is dus van die allergrootste belang dat die Universiteit sorg dat taal nie toegang verhinder nie, maar sukses ondersteun, veral in diverse onderwysomgewings. Die bevordering van meertaligheid sonder uitsluiting is daarom een van die vernaamste kenmerke van die US.

Die Taalbeleid bied verskillende moontlikhede om die onderrigtale in lesings te gebruik, naamlik: (a) Afrikaans en Engels in afsonderlike klasgroepe waar dit redelikerwys uitvoerbaar en pedagogies verantwoordbaar is; (b) Afrikaans en Engels in dieselfde klasgroep, waar alle inligting in elke lesing in ten minste Engels oorgedra word, en opsommings of beklemtoning van inhoud ook in Afrikaans voorsien word; en (c) slegs een taal waar die toegewese dosent in slegs Afrikaanse of slegs Engelse onderrig vaardig is. Benewens lesings, word studente verder in Afrikaans en Engels ondersteun gedurende 'n kombinasie van toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (soos konsultasies in kantoortyd, of normale geskeduleerde tutoriale en praktika). Intydse tolking en IKT (soos pod- en vodsendings) word ook ingespan om studente se begrip van module-inhoud deur middel van meer as een taal te ondersteun.

Fakulteite en verantwoordelikheidsentrums het teen die einde van 2016 hulle konteksspesifieke taalimplementeringsplanne binne die grense van die Taalbeleid opgestel. Taalimplementering binne én buite die klaskamer ontvang bykomende institusionele finansiering en word ook deur verskeie steunmeganismes van die Taalsentrum onderstut.

**Ondersteuning deur die Taalsentrum**

Die hoof- strategiese strewe van die Taalsentrum is die bevordering van meertaligheid in pas met die strewe na meertaligheid in die Universiteit se Taalbeleid (2016). Die volgende syfers vir 2015/16 toon die omvang van die Taalsentrum se bydrae in hierdie verband.

Die Taalsentrum voorsien beduidende taalsteun aan studente in die meeste fakulteite:

- Altesaam 3 694 studente in agt fakulteite het in 2015 taalverwante akademiese steun in kredietdraende kursusse ontvang. Hierdie getal het in 2016 aangegroei tot 4 722 studente in akademiese geletterdheid, taalverwerwing en professionele kommunikasie. As deel van hierdie aanbod is 403 internasionale studente ook bygestaan.
- Die Skryflaboratorium staan ongeveer 4 000 studente per jaar met skryfkonsultasies by. In 2016 het die Skryflaboratorium 4 355 konsultasies aangebied vir studente op sowel voor- as nagraadse vlak, en is 1 385 nagraadse studente deur werksessies en kortkursusse gehelp.
- Die Leeslaboratorium, wat in 2014 tot stand gebring is, is nóg ’n gebied wat beduidende groei beleef. Hierdie fasiliteit het in 2014 altesaam 1 420 studente bygestaan, 3 838 in 2015, waarna dit in 2016 tot 3 630 gestabiliseer het.
- Die Taalsentrum het dus in 2015 altesaam 14 102 studente bygestaan, en 15 041 studente in 2016. Hierdie syfers sluit tolk- en vertaaldienste uit.

**Professionele taaldiens**

’n Hoogs professionele taaldiens is oor die afgelope tien jaar opgebou wat vertaal-, redigeer- en tolkdienste aan ’n verskeidenheid rolspelers sowel op as weg van die kampus voorsien. Altesaam 1 389 taaldienstransaksies (vertaling, redigering en konferensietolking) is in 2016 hanteer. ’n Taaldienstransaksie kan enigiets van een tot 100 dokumente per transaksie behels. ’n Bykomende, baie gesogte aanbod is die verstaanbaretaaldienste sowel as dokument- en kommunikasieontwerp, wat deur die Registrateursafdeling en die Afdeling Regsdienste sowel as buitemaatskappye soos Standard Bank, Foschini en Woolworths gebruik word. Vyftien personeellede het in Maart 2017 ingeskryf vir ’n vormontwerpkursus onder leiding van prof Carel Jansen (Universiteit van Groningen) en sal in die toekoms hulle nuwe kennis op die gebied van inhoudsontwerp, vraelysontwerp en bruikbaarheidstoetsing in verskillende omgewings kan toepas – binne die Universiteit, sowel as vir eksterne kliënte.

**Opvoedkundige tolking**

Altesaam 5 984 lesings is gedurende 2016 getolk en doeltreffende infrastruktuur is vir die portefeulje opgebou. Ongeveer **1 200** unieke studente het by verskillende geleenthede in 2016 in een of meer modules/klasgroepe van tolking gebruik gemaak. Daarbenewens het die Tolkdiens sy vraelys oor dosente- en studenteopvattings hersien en verbeter ooreenkomstig aanlyndokument-ontwerpbeginsels om beter terugvoering te verkry oor dosente en studente se ervaring van die diens. Ook die Taaldiens het die ontwerp van sy kliënteterugvoervorms verbeter.

Met die inwerkingtreding van die US se nuwe Taalbeleid in Januarie 2017 het die Tolkdiens van die Taalsentrum sy aanbod gediversifiseer om waardebelaaide dienste te voorsien aan bestaande vennote – fakulteite en departemente wat reeds van tolking gebruik maak – en sodoende ’n ware

meertalige L&O-aanbod oor verskillende leerroetes in die hand te werk. Hierdie dienste sluit in die samestelling en verspreiding van terminologielyste, die vertaling van lesingskyfies vir dosente, die transkribering van lesings wat getolk is, en die tolking van lesingpodsendings (wat ’n tweetalige weergawe van ’n dosent se podsending aan studente beskikbaar stel). Vermoëbou, die verbetering van bestaande prosesse sowel as die instel van proefprojekte vir moontlike verdere uitbreiding geniet vanjaar voorkeur. Konferensietolking word ook vir verskeie hoëvlak- interne vergaderings voorsien om die Universiteit se meertalige profiel te versterk.

**Bevordering van Xhosa**

’n Kernrol van die Taalsentrum is die ontwikkeling van Xhosa en die bevordering van meertaligheid.

- In die Taalsentrum se Xhosa-portefeulje is 580 deelnemers in 2015/16 in kursusse op die Stellenbosch-kampus bygestaan, en 369 deelnemers by Tygerberg, wat die totaal vir 2016 op 949 te staan bring.
- Die Taalsentrum het ook sy eerste aanlyn drietalige terminologiedatabasis met ongeveer 6 000 inskrywings in Xhosa, Afrikaans en Engels bekend gestel, en in 2016 is ’n oudiotaalgids vir die gesondheidswetenskappe voltooi.
- Die Taaldiens se vermoë om vertaaldienste in Afrikatale te lewer, is in 2017 uitgebrei en US-beleidsdokumente sal waarskynlik in die toekoms in ál drie tale beskikbaar gestel word. Boonop het die Taalsentrum vanjaar met meertalige vergaderings op bestuursvlak in die Sentrum begin, en Xhosatolke sal in 2018 indiensopleiding vir hierdie vergaderings moet ontvang. Die sigbare tekens van meertaligheid moet ook aandag ontvang, en inligtings- en naamborde moet oor die hele Universiteit gestandaardiseer word.

**Byvoeging van Suid-Afrikaanse Gebaretaaltolking**

Vanjaar is die eerste jaar wat Gebaretaaltolking deel uitmaak van die US se taalaanbod. ’n Proefprojek in Suid-Afrikaanse Gebaretaaltolking is vir dowe studente in die Fakulteit Opvoedkunde van stapel gestuur. In hierdie verband werk die Taalsentrum ten nouste saam met die Eenheid vir Gestremdhede in die Afdeling Studentesake.

**Die bevordering van individuele meertaligheid**

Benewens die klem op institusionele meertaligheid, wat tradisioneel deel is van die Taalsentrum se mandaat, begryp die Sentrum die belang van taal as ’n instrument om toegang te verbreed en sukses te verseker, en terselfdertyd ’n sterk sosiale impak te hê. Daarom het die Sentrum in die oorsigtydperk bykomende aandag aan individuele en gemeenskapsmeertaligheid geskenk. ’n Spesifieke voorrangsaak is om personeellede en studente meer positief te stem oor die waarde van individuele meertaligheid. Oor die algemeen sal die sinvolle inwerkingstelling en bemarking van die Universiteit se meertalige benadering in 2017 en 2018 aandag ontvang, onder meer deur middel van werksessies, inligtingsessies en dies meer.

## 6. IKT in leer en onderrig

**Strategiese voorneme**

Om IKT met ’n verantwoordbare pedagogie vir tersiêre opleiding te kombineer, met die klem op leer en nie net onderrig nie, wat tot meer doeltreffende en bekostigbare leergeleenthede sal bydra.

**Konteks**

IKT is besig om die tersiêre onderwysbedryf radikaal te verander van tradisionele, direkte-kontakonderrig tot meer oop en aanpasbare leer. Studente het én verwag meer toegang tot kennis – enige tyd, enige plek. Daarom speel die oordeelkundige benutting van IKT ’n toenemende rol in die leerervaring van die US se huidige (oorwegend inwonende) studente. IKT bied die US ook toegang tot nuwe (oorwegend nie-inwonende) studentemarkte, soos werk-en-leerstudente, voortgesette professionele opleiding, sowel as geleenthede om die US se kundigheid te toon en die Universiteit se deskundige kennis in die algemene openbare belang (selfs kosteloos) beskikbaar te stel.

**Dosentesteun om IKT in die klaskamer te gebruik**

Die **dosentesteunprogram** van die projek vir IKT in leer en onderrig maak goeie vordering om leertegnologieë op ander, beter maniere by die kurrikulum te integreer. Die plasing van leertegnologieraadgewers en GLK’s as vennote in fakulteitsgebaseerde spanne/spilpunte (byvoorbeeld saam met SOL-raadgewers) het ’n beduidende toename in onderrig-en-leerverwante aktiwiteite tot gevolg – veral wat die integrasie van IKT’s betref. GLK’s het in 2016 meer as 500 inisiatiewe aangemeld en die voorbeelde van goeie praktyk op die gebied van gemengde leer neem toe. Die SLT stel tans die bundel gemengdeleergevallestudies van 2016 saam, wat as vertoonvenster vir sommige van hierdie leertegnologie-intervensies dien.

Die toename in gemengde leer word terselfdertyd ondersteun deur die **ondersteuning-vir-dosenteprojek**, wat dosente en studente van gebruikersteun met die nuwe leertegnologieë (SUNLearn, Camtasia, iSpring, Relay, ensovoorts) voorsien. ’n Klein dog uiters toegewyde span het in 2016 ’n verstommende 5 300 steunversoeke suksesvol hanteer, en meer as 3 000 van Januarie tot Julie 2017. Algemene SUNLearn- en ander, meer spesifieke opleiding (soos Camtasia, iSpring en gevorderde PowerPoint) word ook gereeld aangebied.

Wat klaskamersteun betref, het die **reaksiespan vir IKT in die klas** (’n span wat uit personeel van die rekenaargebruikersareas bestaan en in samewerking met die Afdeling Informasietegnologie bestuur word) bewys dat dit haalbaar en doeltreffend is om dosente en studente met die beplande tegnologie-intervensies in die klas by te staan. ’n Lid van hierdie span kan binne 5 minute ná ’n oproep (of ná die aanvang van die klas, indien dit versoek word) letterlik langs die dosent in die klas wees.

Die gebruik van **SUNstream** raak al hoe gewilder in departemente (soos die US Sentrum vir Pedagogie, oftewel SUNSEP). Dié stelsel gebruik die ‘lewende klaskamer’-konsep om gelyktydige leer vir buiteklasstudente te fasiliteer. Ander, soos die Skool vir Rekeningkunde, beplan regstreekse stroming van sekere klasse in die tweede semester van 2017 om te bepaal of dit ’n moontlike oplossing vir die uitdaging van lesingsaalruimte in 2018 bied.

Die **mobiele SUNLearn-toepassing** is nou ook beskikbaar en werk goed. Hierdie US-pasgemaakte mobiele toepassing (iOS en Android) gee studente en dosente toegang tot hulle SUNLearn-kursusse op enige plek en tyd (“op ’n drafstap”), en bied boonop die voordeel dat van die kursusinhoud op mobiele toestelle afgelaai kan word vir niegekoppelde gebruik (d.w.s. waar daar geen internet is nie). Jy kan dus nou aan ’n gespreksforum met studente/dosente deelneem terwyl jy by die apteek in die ry wag!

Ook die **Taalsentrum** het in die oorsigtydperk al hoe meer **gemengdeleerbenaderings tot taalverwerwing en -ontwikkeling sowel as akademiese geletterdheid** in werking gestel. In hierdie verband is dit veral hulle Xhosa- en Afrikaans-taalverwerwingskursusse in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe wat uitstaan. Dié kursusse integreer kommunikatiewe taalonderrigbenaderings in ’n gemengde vorm by kursusse soos Menslike Voeding, Arbeidsterapie,

MBChB, Fisioterapie, Spraak-Taal- en Gehoorterapie, en Inleiding tot Kliniese Geneeskunde, en staan ook internasionale studente met Xhosa-taalverwerwing by. Hierdie soort inisiatief sal hopelik uitgebrei word na ander fakulteite wie se afgestudeerdes ook in die toekoms Xhosa- en Afrikaansvaardig sal moet wees om die arbeidsmark te betree.

**Ander onderrig-en-leeruitbreidings met IKT**

Deur sy telematiese dienste gaan die SLT voort om ’n geïntegreerde modus 2-platform (gemengde onderrig en leer via aanlyn en persoonlike bloksessies) vir ’n aantal nagraadse telematiese programme te voorsien. Hierdie programme lewer steeds ’n positiewe bydrae tot die Universiteit se nagraadse diversiteitsprofiel en behaal steeds goeie deursetsyfers. Sekere telematiese programme, soos die BEd-honneursprogram, is ook in die jaar 2016/17 vernuwe, en die vernuwing van ander programme, waaronder Verpleegkunde, volg in 2018.

Die telematikaskoolprojek, wat in samewerking met die onderwysdepartemente van die Wes-, Oos- en Noord-Kaap aangebied word, gaan van krag tot krag, en bied holistiese en geïntegreerde aanvullende kurrikulumsteun vir leerders in graad 10, 11 en 12. ’n Verdere 167 Oos-Kaapse skole is in 2017 by die projek ingesluit, wat die totale getal skole nou op 663 te staan bring. In skole waar die telematikaprojek bekend gestel is, het dit oor die jare ’n verbetering in matriekslaagsyfers teweeggebring, sowel as ’n toename in baccalaureusslaagsyfers.

Daarbenewens het die SLT die US se eerste suksesvolle massiewe oop aanlyn kursus (MOOC) in samewerking met die Fakulteit Opvoedkunde ontwikkel. Die kursus getiteld “African Philosophy of Education” is die eerste keer in September/Oktober 2016 aangebied. Vir die tweede aanbod in Januarie/Februarie 2017 het 5 000 deelnemers wêreldwyd ingeskryf en ’n buitengewoon hoë voltooiingsyfer van 38,5% behaal. Die SLT werk tans saam met die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aan ’n tweede MOOC oor Afrikasienings oor wêreldgesondheid deur die Fakulteit se Departement Globale Gesondheid. Hierdie tweede MOOC sal na verwagting in November 2017/Januarie 2018 bekend gestel word.

Die SLT se kundigheid en ervaring in telematiese modus 2-lewering, waaronder MOOC’s, beteken die Sentrum is goed toegerus om die US se toekomsplanne vir die uitbreiding van modus 2-tipe programme te rig en te ondersteun. ’n **Diens vir volskaalse aanlyn ontwerp** word tans in die SLT op die been gebring, wat die US van broodnodige professionele steun sal voorsien in die skep van volskaalse aanlyn akademiese aanbiedinge in die vorm van MOOC’s, kortkursusse en akademiese programme. Die plan is om in samewerking met die afdelings Informasietegnologie en Kortkursusse ’n geïntegreerde platform en diens te skep, wat moontlik **SUNOnline** sal heet, om departemente in staat te stel om akademiese aanbiedinge in die snelgroeiende aanlyn leerruimte te begin voorsien.

## 7. Nuwe kennismarkte

**Strategiese voorneme**

Om die US se kennis na meer en nuwe markte te versprei, soos om vir die werk-en-leermark voorsiening te maak, diplomakursusse en meer kortkursusse bekend te stel, ensovoorts.

**Konteks**

Die US se langertermyn- institusionele strategie ten opsigte van grootte en vorm, met 2030 as beplanningshorison, sien soos volg daar uit:

*’n **Tweemodus- mediumgrootte universiteit** (ongeveer **35 000** studente), wat bestaan uit ongeveer 25 000 modus 1-studente en 10 000 modus 2-studente. Modus 1-studente studeer merendeels voltyds op kampus gedurende die normale kwartaaltye van die jaar. Modus 2 is die sogenaamde werk-en-leerstudente, vir wie onderrig grootliks tegnologies bemiddel word, met blokweekbesoeke aan die US-kampusse in die resestye tussen kwartale, vir kontaksessies met akademici.*

**Moontlike nuwe kennismarkte deur middel van modus 2-aanbod**

Modus 2-programme is ontwerp om studente in nuwe teikengroepe te werf, wat die volgende kan insluit:

(a) Skoolverlaters wat die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) met toegang tot graadstudie slaag en wat nie toegang tot die US se modus 1-programme kry nie, maar verkies om deur modus 2 aan die US te studeer eerder as om na ’n ander universiteit te gaan (wat impliseer dat van die US se bestaande baccalaureusprogramme ook in modus 2 aangebied sal moet word).

(b) Diegene bo die tipiese hoëronderwysouderdomsgroep van 18-24 wat reeds in beroepe staan en hetsy hulle kwalifikasies wil verbeter of hulle vir ’n ander beroep wil bekwaam.

(c) Skoolverlaters wat die NSS sonder toegang tot graadstudie slaag, of kandidate wat op grond van hulle studie in kolleges vir verdere onderwys en opleiding (VOO) toegang tot universiteitstudie (vir sertifikate en diplomas) verkry, of ervare persone wat sonder formele kwalifikasies in beroepe staan en ’n kortkursus of ’n voorgraadse sertifikaat- of diplomaprogram aan die US wil volg.

(d) Kortkursusse, onder meer dié wat ook oopbronkennis van gehalte beskikbaar stel, is ’n uitstekende manier om die US se ander graadprogramme te bemark.

**’n Voorlopige model vir modus 2**

Die lewering van kortkursusse, voorgraadse sertifikate en diplomas sowel as nagraadse diplomas sal waarskynlik in modus 2 geskied. Uiteindelik sal die lewering van voorgraadse graadprogramme in modus 2 ook vir die US aanlokliker word. Dit sal afgestem wees op studente wat nie voltyds inwoon nie en wat in ’n gemengde vorm deur middel van ’n kombinasie van aanlyn studie en persoonlike kontaktyd gedurende blokweke leer.

Die modus 1-aanbod vir inwonende studente benut nie tans die jaarkalender (vir 2017) doeltreffend nie. Uit die 52 weke word 40 vir modus 1-studente gebruik, naamlik:

- 27 weke vir onderrig (14 weke in semester 1, en 13 weke in semester 2); en
- 13 weke vir eksamens (ses weke in semester 1, en sewe weke in semester 2).

In die meeste programme word midkwartaaltoetse gedurende die onderrigweke geskryf, wat klas in daardie weke minder doeltreffend maak. Boonop is tutoriaal- en laboratoriumfasiliteite vir ’n groot gedeelte van die kalenderjaar (eksamen- en resestye) onbenut.

Die scenario wat die grootste voordeel inhou (wat die benutting van akademici se tyd betref), is om die onderrigkomponent van die modules wat aan modus 1-studente gebied word, terselfdertyd regstreeks te stroom na modus 2-studente (deur middel van SUNstream), en dit ook in ’n elektroniese bewaarplek te plaas vir studente wat asinchroon moet leer. Waar nuwe aanbiedinge deur IKT bemiddel word, behoort voldoende persoonlike kontaktyd met dosente voorsien te word (verkieslik in huidige akademiese resestye) om te sorg dat dit steeds aan alle vereistes vir staatsubsidies voldoen. Voorts sal modus 2-studente beduidende aanlyn ondersteuning van onderrigassistente vereis om vir die gebrek aan weeklikse persoonlike interaktiewe kontak met dosente te vergoed.

Die optimalisering van die modus 1-kalender bied geleenthede om sowel modus 1- as modus 2-studente gelyktydig van onderrig en assesserings te voorsien. Die onbenutte tye op die kalender vir modus 1-studente kan dan aangewend word om modus 2-studente te bedien.

Maniere om die modus 2-aanbod aan die US beduidend uit te brei, moet ondersoek word op grond van ervaring met suksesvolle modus 2-programme, soos dié wat die Skool vir Publieke Leierskap aanbied. Nadat die onlangse Uitvoerende Bestuurdersvergadering (Julie 2017) die strategiese rigting aangedui het, het gesprekke met fakulteite begin om die uitbreiding van die US se akademiese aanbod deur middel van modus 2-lewering te ondersoek.

## 8. Finansiële steun vir studente

**Strategiese voorneme**

Om studentediversiteit te verhoog en uitnemendheid te beloon, sowel as om akademies verdienstelike dog arm studente toegang tot tersiêre opleiding te bied.

**Konteks**

Die US maak ruim voorsiening vir studentebeurse. Die US-begroting maak voorsiening vir:

(a) voorgraadse merietebeurse, wat vir alle studente bedoel is;
(b) voorgraadse werwingsbeurse vir BSIA-studente;
(c) verdienstelikheidsbeurse vir arm studente wat deur ’n middeletoets geïdentifiseer word; en
(d) nagraadse beurse.

Daarbenewens administreer die US ’n groot getal beurstoekennings namens eksterne bydraers, soos die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS) (staatsgefinansierde beurse), sowel as beursskenkings deur maatskappye en filantropiese organisasies, soos wat tabel 4 aandui.

**Tabel 4: Hooffinansieringsbronne vir voorgraadse beurse en lenings**

| Jaar | US-hoofbegroting | Erflatings & skenkings | Eksterne finansiering | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| | R125,5 m | R9,1 m | R289,4 m | R423,9 m |
| | 30% | 2% | 68% | 100% |

Die meeste van die US se bruin en swart Afrikaan-studente se studiegeld word deur die een of ander vorm van beurs gefinansier (sien tabel 5). Die US se uitgangspunt van uitnemendheid deur diversiteit impliseer dat alle studente wat US-beurse ontvang, wat BSIA-studente insluit, reeds op skool hulle akademiese vermoëns bewys het, en dat hulle volgehoue akademiese prestasie aan die US as voorwaarde vir die voortsetting van beurssteun dien.

**Tabel 5: Voorgraadse beurse en lenings toegestaan aan BSIA-studente in 2016**

| Ras | Totale inskrywings | Getal beurs-studente | % beursstudente volgens ras | Bedrag |
|---|---|---|---|---|
| Wit | 12 753 | 3 399 | 26,6% | R 124,9 m |
| Bruin | 3 821 | 2 862 | 74,9% | R 174 m |
| Indiër/Asiër | 543 | 314 | 57,8% | R 15,7 m |
| Swart Afrikaan | 2 222 | 1 896 | 85,3% | R 109,2 m |
| | **19 339** | **8 471** | **43,8% van totaal** | **R 423,9 m** |

**Fooiaanpassingstoelaag vir die 'ontbrekende middel'**

Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding het aan die einde van 2016 aangekondig dat alle studente uit gesinne met 'n bruto gesamentlike inkomste van tot en met R600 000 per jaar, in 2017 vir 'n sogenaamde fooiaanpassingstoelaag in aanmerking sal kom wat tot 8% van hulle klas- en verblyfgeld sal dek. Alle studente wat in graad 12 by skole in kwintiel 1, 2 of 3 ingeskryf was of vir NSFAS-finansiering gekwalifiseer het, het outomaties vir hierdie toelaag in aanmerking gekom, en hoef dus nie aansoek te gedoen het nie.

Altesaam 1 270 US-studente in die 'ontbrekende middel' het om die fooiaanpassingstoelaag aansoek gedoen, van wie 1 049 se aansoeke geslaagd en 221 onsuksesvol was. Hoewel die aansoekproses nog nie afgehandel is nie, het ons verwag dat heelwat meer van ons studente in die 'ontbrekende middel'-kategorie val en om die toelaag sou aansoek doen.

**Die hersiening van die model vir beurse en lenings**

'n Taakgroep is aangestel om die Universiteit se model vir beurse en lenings te hersien. Hulle opdrag is onder andere om ondersoek in te stel na: (a) die volhoubaarheid van die huidige model vir beurse en lenings; (b) versoening met die US se inskrywings- en studentediversiteitsdoelwitte; (c) bevordering van uitnemendheid en studentesukses; (d) die sinvolheid van die bestedingskategorieë vir beurse, en die relatiewe toewysings daaraan; (e) die moontlikheid om minder dog groter individuele beurse aan die mees verdienstelike beursbegunstigdes toe te staan; (f) spesiale mentorskap vir US-beursbegunstigdes om hulle potensiaal vir sukses te optimeer; (g) die hantering van studenteskuld; en (h) bykomende finansieringsbronne vir beurse, en hoe om dit te ontgin.

Indien daar voortaan kleiner eise aan die hoofbegroting gestel sou word en die klem na alternatiewe inkomstebronne – veral derde-, vierde- en vyfdestroominkomste – sou verskuif, sal 'n omvattende ondersoek van stapel gestuur moet word na die huidige omvang van beursskenkings wat die Ontwikkelingskantoor bekom. Veral die benutting van hierdie geld vir beursdoeleindes sal deeglik ondersoek word.

Die waarde van akademiese sowel as sosio-ekonomiese ondersteuning om die suksessyfers van studente – veral beurshouers – te verbeter, behoort ondersoek te word. Voortsettingskriteria vir beurse en lenings word tans deeglik bestudeer om sinvolle aanbevelings oor die aanwending van finansiering te kan doen. Dit is duidelik dat die US akademies onsuksesvolle studente vroeër behoort te bestuur. Hiervoor het die Afdeling Studentesake 'n aantal inisiatiewe van stapel gestuur om te sorg dat studente bewus is van die verskeidenheid steunmoontlikhede tot hulle beskikking aan die US, en om US-beurshouers en NSFAS-gefinansierde studente oor akademiese en finansiële bestuur te adviseer.

## Slot

Die L&O-verantwoordelikheidsentrum het die afgelope vyf jaar stelselmatig strategieë ter ondersteuning van die US se Institusionele Voorneme en Strategie begin implementeer. Verskeie strategiese bestuursaanwysers in die Universiteit se Institusionele Plan 2016-2021 ressorteer direk onder die L&O-domein. Implementeringsplanne is in die vorm van ooreenkomste met fakulteite, of inisiatiewe wat fakulteite self neem. Die aksies vir die volgende paar jaar sal hoofsaaklik daarop toegespits wees om hierdie strategieë prakties te implementeer en enige probleme uit te stryk wat moontlik daaruit ontstaan. Die verwesenliking van die US se visie en doelwitte vir leer en onderrig sal heelwat innovasie en dryfkrag van die bestuur, professionele steundienste en alle fakulteite verg.

Die bestuurders en professionele akademiese steunpersoneel in die L&O-verantwoordelikheid-sentrum spreek graag hulle dank en waardering uit teenoor die fakulteite en ander verantwoordelikheidsentrums aan die US vir hulle samewerking om uitnemende leer en onderrig aan die Universiteit te bevorder.